# Oesnuus

# November 2024

***"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Handelinge 1:8***

Aan die einde van 2024 gee ons graag in hierdie uitgawe van "Oesnuus" aan die gemeente 'n kort samevatting van die uitreikaksies en werksaamhede van die Diensraad: Uitreik. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie uitreikaksies nooit selfstandig en onafhanklik van die gemeente kan plaasvind nie. Elke uitreikaksie is deel van die totale bediening van en aan die gemeente en gemeenskap.

## ONS NEEM AFSKEID - DS. RIAAN EN GESINA STANDER<br>NOVEMBER 1989 – NOVEMBER 2024

**Ds. Riaan is gevra om na sy bediening van 35 jaar in die NG Gemeente Langenhovenpark en veral sy betrokkenheid by die totstandkoming van baie uitreikaksies en projekte van die gemeente, in 'n paar sinne sy gedagtes saam te vat. Hy skryf:**

"Ek is gevra om vir die laaste "Oesnuus" vir die jaar iets oor my reis in en saam met die Gemeente te skryf... en veral ten opsigte van die Uitreik komponent daarvan. Wat 'n wonderlike ervaring was dit nie!

Ons is bevestig in die Gemeente op 10 November 1989. Mettertyd het die vraag ontstaan na gemeentelike betrokkenheid ook buite die grense van Langenhovenpark. Aan die hand van die Bybel en op voetspoor van Jesus het die "Sending" fokus van die gemeente mettertyd ontwikkel en gegroei. Dit word weerspieël in ons missie wat ook bely: "Ons bring hulp en hoop vir God se wêreld!"

Die teksgedeelte wat as ons riglyn dien kom uit Handelinge 1:8 "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in Jerusalem, Judea, Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Vir ons het dié roeping beteken om 'n verskil te maak in Langenhovenpark, Suid-Afrika, Afrika en die wêreld!

Deur die jare heen het die Here ons geseën met vele "Sendelinge" wat met die ondersteuning van die Langenhovenpark gemeente oor die wêreld heen die onverdiende

Genade van die God verkondig en uitgeleef het. Binne die Gemeente was daar altyd oop hande en harte om dié Uitreik droom waar te help maak.
Dit is die behoefte van my hart om dankie te sê vir elkeen wat deur die jare in hierdie droom gedeel het, en dit hande en voete laat kry het. Julle sal vir altyd ‘n ereplek in my hart en gedagtes hê.
My gebed is dat die Here die Gemeente en sy Uitreik aksies sal bly seën.
Soli Deo Gloria.
Riaan Stander



Die Diensraad: Uitreik spreek sy dank en waardering teenoor Ds. Riaan en Gesina uit vir dit wat oor baie jare tot stand gebring is. Hy het saam met medeleraars en lidmate van die gemeente inderdaad mense hier en tot in die uithoeke van die wêreld met die evangelie van Jesus Christus bereik. Ons bring saam met hom al die dank en eer aan ons Heer! Ons bid hul die teenwoordigheid en vreugde van die Heer toe op hulle lewensreis wat wag!

Aan die einde van 2024 en aan die hand van Hand 1:8 vertel ons graag van die gemeente se

1. **<u>GETUIENIS IN DIE PLAASLIKE GEMEENSKAP</u> (Jerusalem)**

**Die gemeente ondersteun en maak die volgende aksies moontlik:**

- **Naaldwerkklasse**

Ina du Plessis vertel:

“Aan die begin van 2024 het 14 naaldwerkleerders en 6 naaldwerktannies opgedaag. Twaalf leerders gaan die naaldwerkjaar voltooi. Twee leerders kon nie die naaldwerkklasse verder bywoon nie a.g.v. werksomstandighede wat verander het en ‘n derde leerder gaan net hierdie jaar voltooi indien sy nie weer met ‘n werksgeleentheid geholpe kan raak nie. Indien leerders hul inkomste verloor, kan hulle nie die bus of “taxi” bekostig om in

Langenhovenpark die klasse by te woon nie, want hulle het alreeds nie die finansiële middele vir daaglikse behoeftes nie.



Die projekte wat beginner naaldwerksters hierdie jaar aangepak het, is wawielsakke, rompe en rokke. Die laaste naaldwerk artikels behoort einde November voltooi te wees. Die bedrewe naaldwerksters het 'n verskeidenheid projekte aangepak. Hierdie leerders identifiseer 'n artikel op 'n behoefte lys en die naaldwerktannies van hierdie groep probeer om hierdie leerders by te staan met hulle kennis en vaardighede sodat hierdie behoefte in vervulling kan gaan. 'n Leerder of twee van hierdie groep wat al vir meer as tien jaar deel van ons uitreikaksie is, is al baie bedrewe naaldwerksters.

By die naaldwerk heers 'n gees van entoesiasme en almal stem saam dat naaldwerk meestal beteken werk 4 steke vorentoe en trek 3 steke uit, maar met deursettingsvermoë en aanmoediging vorder ons almal stadig maar seker nader aan die voltooiing van ons artikels. Dit is werklik 'n oorwinning as ons voltooide artikel mooi en nuttig is na al die meet, knip, pas, uittrek en stik. As groep gee ons vir mekaar om en deel ons in mekaar se vreugde en leed. Naaldwerksters bring ook gebak saam naby hul verjaarsdae. Almal smul dan lekker aan die bederf!

28 November 2024 is ons jaar se afsluitingsfunksie. Elke leerder ontvang 'n sertifikaat as bewys van een jaar se naaldwerk bywoning en ons wys die mooi artikels wat hulle laat wroeg en swoeg het. Ons eet lekker saam en sê dankie aan ons Hemelse Vader wat ons so baie talente gegee het.



Ons bied ons klasse in Lokale 1 en 2 van die Kleinkerk op Donderdae in skooltyd aan. Op 'n gereelde basis wissel ons die naaldwerk af met Bybelstudie. Ons almal leer nog steeds meer en meer van mekaar en van die Bybel. Een van die naaldwerktannies bied die Bybelstudie aan oor 'n onderwerp geassosieer met die kerkkalender of 'n merkwaardige vrou uit die Bybel.



Ons dank aan die gemeente vir die kans wat ons aksie het om die kerk se gebou te benut om hierdie klasse (wat mense se lewens ten goede verander) aan te bied. Baie dankie vir skenkings wat ons uit hierdie gemeente ontvang in terme van naaldwerkbenodighede en materiaal. Sonder julle ondersteuning sou hierdie aksie gesneuwel het. Ons waardeer julle ondersteuning opreg. Indien daar iewers 'n bruikbare naaimasjien in onbruik is, sal ons aksie dit ook met graagte ontvang.

Laaste maar definitief die belangrikste, baie dankie aan die span naaldwerktannies vir julle getroue teenwoordigheid op Donderdae, julle entoesiasme, vaardigheid en bereidheid om te help waar hulp ook al nodig mag wees. Julle is voorwaar 'n wenspan! Soli Deo gloria!"

- **Aksie Olyftak** –

  Wat 'n jaar 2024!! Die Aksie het gegroei met 'n gemiddelde 16-22 lede wat een maal per maand op 'n Dinsdag bymekaar kom vir 'n heerlike oggend van gesellig saam kuier oor 'n koppie tee en 'n lekker eet dingetjie wat verskaf word deur lede. Ons is geseënd met twee dames wat vir ons klavier speel.

  Dienste by Aksie Olyftak sluit in Haarsny, Bloeddruk en Glukose toets en Voetbehandelings. Lede word opgelaai indien vervoer 'n probleem is. Wondversorging word ook gedoen indien vooraf gereël is. Finansies is ook op 'n gesonde basis danksy maandelikse donasies van lede waarvoor ons dankbaar is. Dit maak dit moontlik dat benodighede waar nodig aangekoop kan word.

- **Noodspens** – Groot dank word uitgespreek teenoor almal wat in 2024 betrokke was en die funksionering van die Noodspens moontlik gemaak het. Kospakkies kon op gereelde basis aan persone en gesinne voorsien word waar die behoefte bestaan het. Huis Amor, een van die Jeugsorgsentrum huise waarvoor die gemeente verantwoordelikheid aanvaar het, ontvang ook hulp vanuit die noodspens. Dit is nou die tyd wat geskenkpakkies voorberei word om in Januarie 2025 vir elke dogter wat 'n inwoner van Huis Amor gaan wees, te voorsien. 'n Pragtige pakkie met 'n lekker ruik sepie, deodorant en tandepasta word vir elkeen voorberei en in Januarie aan elkeen gegee. Twaalf van elk van hierdie produkte word benodig. As enige persoon hiermee wil help of produkte wil voorsien, kontak asseblief die kerkkantoor.

Om hierdie kospakkies moontlik te maak, word fondse benodig. Op gereelde basis word pannekoek by Pick & Pay Towers gebak. Groot dank aan Pick & Pay vir hierdie wonderlike geleentheid. Indien u betrokke wil raak, besoek asseblief die kerkkantoor en dui aan of u
1) wil help maak die maak van die kospakkies, 2) Pannekoek wil bak by Pick & Pay Towers, 3) Pannekoek wil help rol, 4) Verkope (Finansies) op die verkoop dae of dalk 5) tafels kan help aanry deur uself en u bakkie beskikbaar te stel. Hierdie is wonderlike geleenthede waar ons onsself beskikbaar kan stel om die hande en voete van die Heer te wees in die lewe van ander mense!

- **Sothoklasse** – 28 persone het in die begin van 2024 geregistreer om vanjaar hierdie onderrig in die aanleer van die taal te ondergaan. Ons is baie dankbaar vir groei in die getal mense wat hierdie taal wil aanleer.

## 2. <u>GETUIENIS IN DIE GROTER BLOEMFONTEIN</u> (Judea)

In 2024 was die gemeente in die groter Bloemfontein by baie mense en instansies deur uitreik projekte betrokke.

- Die gemeente het in 2024 die geleentheid gehad om deur middel van toebroodjies ondersteuning aan kinders by **<u>Böhmer skool</u>** te bied. Nonnie Heyman dien as skakelpersoon tussen die gemeente en die Voedingsprojek by **<u>Böhmer skool.</u>**

- **Ons vertel met groot dankbaarheid van die gemeente se ondersteuning van ENGO Gesinsorgdienste, Vrystaat Gesonheidsdienste, Taxifonds, Kinderversorging, Uitreikaksies by LHP Kliniek en "Torings van Hoop"**



1) **<u>ENGO</u>** word deur die loop van die jaar op gereelde basis deur Pieter Miles as verteenwoordiger van die gemeente besoek. Klere wat deur die gemeente geskenk word, is oorhandig en kontant wat deur die loop van die jaar met projekte soos die "Penneprojek" ingesamel is, maak 'n verskil in die lewe van baie manse.

2) **2) <u>Vrystaat Psigiese Gesondheid</u>** geniet die ondersteuning van die gemeente en ontvang ook klere wat geskenk word.

3)

4) Op die foto bo ontvang Christa Burger, direkteur van Geestesgesondheid, klere vanaf die gemeente by Pieter Miles.

3) Deur middel van die **<u>"Taxifonds"</u>** is dit in 2024 vir pasiënte wat hospitale en dokters vanaf die platteland moet besoek en met vervoer uitdagings te make het, moontlik gemaak om die nodige mediese hulp te ontvang.

4) Die gemeente se betrokkenheid by **<u>"Huis Amor" en "Huis van Omgee"</u>** waar kinders liefde, aandag en versorging ontvang was in 2024 'n hoë prioriteit gewees. Groot dank en waardering vir elke lidmaat wat by hierdie twee huise betrokke is!

5) Die besoek en ondersteuning van pasiënte by die **<u>Langenhovenpark Kliniek</u>** as uitreikprojek van die Manne Omgeegroep het gegroei. Pasiënte wat die kliniek besoek word elke Donderdag met broodjies bedien deur die Manne Omgeegroep.

- **Huis Nederig**

  'n Omgeegroep van die gemeente was soos in die verlede deur die loop van 2024 steeds betrokke by Huis Nederig. Die feestyd lê voor en die Omgeegroep gaan in November vir die inwoners 'n Kersete aanbied – 'n heerlike braai en nagereg word in die vooruitsig gestel! Ds. Leon Oosthuizen is gevra om 'n Kersboodskap te bring en die tafels sal vrolik en feestelik versier word om 'n feestelike atmosfeer te skep. Dit is 'n kuier waarna lank uitgesien word! Die Noodspens van die gemeente voorsien op gereelde basis produkte wat benodig word soos koffie en skoonmaakmiddels. Indien daar lidmate is wat betrokke wil raak, kontak gerus vir Willien Fourie.



- Die gemeente se ondersteuning vir die bediening by en deur "Torings van Hoop" in die middestad van Bloemfontein, gaan voort.

## 3. <u>GETUIENIS IN SAMARIA</u> (AFRIKA)

- **Botswana –** Die gemeente se betrokkenheid by die bediening van die Woord in Botswana het in 2024 voortgegaan. Die gemeente het kennis geneem dat die bereiking van voorskoolse kinders 'n hoë prioriteit in hierdie bediening geniet. Ons vertrou dat kinders deur die loop van 2024 met die evangelie bereik is en sodoende nie net skool gereed gemaak is nie, maar ook voorberei en gereed gemaak is vir die lewe!

- **Namibië – DEGNOS**



Andries Gouws het gedurende Oktober 2024 die volgende vanuit Namibië aangestuur. Hy vertel:

Op Mkata vorder die tuin projek mooi en eersdaags sal die skool kinders se dieet aangevul kan word uit hul eie tuin.



Dankie aan NG Kerk Suiderhof en Namib Foam wat aan die Kinderhuis op Mangeti Duin 14 matrasse geskenk het.



Foto regs: DEGNOS predikante teenwoordig by die predikante konferensie wat naby Dordabis plaasgevind het.

## 4. GETUIENIS TOT IN DIE UITHOEKE VAN DIE WÊRELD



- **Slowakye – Bybelvertaling.** Pierre van Vuuren uit Slowakye het vanjaar baie inligting ten opsigte van die **Vertalingsprojekte** waarmee hulle besig is, met die gemeente gedeel. Die gemeente was bevoorreg om gedurende Augustus 2024 besoek van Pierre van Vuuren te ontvang waartydens 'n "Oos Slowaakse Romani" Bybel aan Ds. Riaan Stander en Jurie Kleynhans, voorsitter van die Diensraad: Uitreik van die gemeente oorhandig is.

- **Br Sam – “Echo of His Call”- Indië**



Uit **“Echo of His Call” tydskrif** die volgende versoeke gedurende Oktober 2024:

1. Voorbidding vir die ongeveer 75 persone betrokke by die maandelikse uitgawe van die “Echo of His Call” tydskrif in 16 tale.
2. Administratiewe uitdagings wat groter word as gevolg van werkers se gesindheid, regeringsbeleid en afname in finansiële ondersteuning van vriende.
3. Kerke, die Nehemia Bybelkolleges, Teologiese Korrespondensie Kursusse, Bybel Korrespondensie (Bybelkor), Youtube bediening, die St Paul Matriekulasie skool en die drukpers funksioneer goed. Al hierdie bedieninge het geestelike en finansiële ondersteuning nodig.
4. Verskeie uitreik bedieninge word vir die einde van 2024 beplan. Voorbidding vir beskerming tydens hierdie aksies word gevra.
5. Groot dank en waardering word uitgespreek teenoor almal wat hierdie bedieninge moontlik maak.

- **Geopende Deure**

“Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop” Op. 3:2a.  Openbaring 3:2 is die roepingsvers van Brother Andrew, die stigter van Geopende Deure. Geopende Deure streef steeds daarna om te verseker dat geen Christen vervolging alleen moet deurmaak nie.

“NG Gemeente Langenhovenpark - julle is vir ons ‘n groot seën, baie dankie”.

- In ‘n wêreld waar die vervolging van Christene jaar op jaar toeneem is julle omgee die rede hoekom baie vervolgde Christene nie alleen is nie.

- Julle is die rede dat ‘n hele klomp nuwe bekeerlinge in Noord Afrika elkeen hulle eie Bybel en dissipelskap opleiding kon ontvang (ek en my oudste seun het die voorreg gehad om die Bybels self te koerier, af te lewer en die opleiding te kon doen).

- Julle is die rede dat ‘n weduwee in Vietnam genoeg het om vir haar gesin te sorg.

- Julle goedhartige bydraes help vervolgde Christene wat in desperate nood verkeer om sterk te staan en te volhard.

- Die vervolgde Kerk is versterk deur julle omgee!